# 1 vir 1

## Verander gemeenskappe en nasies een-vir-een

*Daardie dag sal die Here sy oes inbring soos koringare wat één-één opgetel word (Jes.27:12).*

## Bid vir die redding van ongereddes

*Hy wil nie hê dat iemand verlore moet gaan nie maar dat almal hulle moet bekeer (2 Pet.3:9).*

**oe om vir ongereddes te bid**

it is God wat deur die werking van die Heilige Gees mense lewend maak en wedergeboorte in hulle bewerk. ns verantwoordelikheid is om vir hulle te bid, sy liefde aan hulle te bewys en teenoor hulle te getuig. Die olgende 4 stappe sal jou help om prakties na ongereddes uit te reik.

**dentifiseer 3-5 ongeredde mense vir wie jy wil bid**

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

**tap 1: Bid dat God hulle sal seën.** Bid vir hulle totale menswees: waar hulle leef, hulle gesinslewe, huislike mstandigehede, werkplek en werksver-houdings, sosiale lewe, vriende en vriendskappe, beskerming, esondheid, finansies, redding, ens.

y kan Numeri 6:24-26 as 'n seëngebed gebruik om vir hulle te bid: *'Die Here sal julle seën en julle beskerm; die ere sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede ee!'* Om te vra dat God mense sal seën beteken nie dat ons vra dat God die goddelose en verkeerde dinge sal eën nie – die seën van die Here verander, genees en breek die mag van sonde oor 'n mens se lewe.

**tap 2: Bou verhoudings.** God stel nie net in mense se die siele van mense nie. Hy wil die totale mens genees n seën. Terwyl ons vir iemand bid, is dit belangrik om verhoudings met hulle te bou op sosiale en riendskapsvlak (waar moontlik) – ongeag van hulle geloofsoortuiging maar sonder kompromie.

**tap 3: Identifiseer die nood** van hierdie mense: geestelike, emosionele en fisiese nood. Luister na hulle en robeer hulle seer, frustrasies, nood, teleurstellings, drome en verwagtinge verstaan. Verleen fisiese en/of mosionele hulp waar moontlik. Meer mense is bereid om te luister na wat jy hulle van Jesus Christus wil vertel s hulle kan sien dat jy regtig op 'n praktiese manier omgee en hulle lief het en aanvaar. Ons woorde mag nooit s wees van ons gebede en dade nie. Waar die persoon enigsins toeganklik is, bid vir hom/haar. Soveel as 98% an alle mense is gewillig dat jy vir hulle mag bid. Maak jou gebed kort. Fokus op die probleem/situasie, moenie jou gebed preek of hom/haar na die Here probeer lei nie.

**tap 4: Getuig.** Soek vir natuurlike geleenthede waar jy kan vertel van dit wat God vir jou beteken en al in jou we gedoen het maar moenie preek of spog nie. Probeer vrae hulle mag moontlik mag hê so goed moontlik eantwoord en erken wanneer jy nié weet nie. Onderneem om daaroor te dink, antwoorde te gaan soek en terug kom na hulle toe. Moenie bekommerd wees as jy nie al die antwoorde het nie. Vra die Here om mense oor ulle pad te bring wat met hulle oor hierdie vrae kan praat.

ie alle mense voel dat hulle "*die gawe van evangelisasie*" het nie, maar almal van ons kan vir iemand bid en rakties by die nood van mense betrokke raak en vriendskappe bou.

**Vrae**

/anneer jy vir iemand bid, vra spesifiek dat die Heilige Gees die volgende vrae in sy/haar hart sal opwek en dat ulle na antwoorde op die vrae sal begin soek.

Wie kan ek vertrou?
Wat is die doel van my lewe?
Wanneer sal ek vry wees?
Waar gaan ek heen wanneer ek sterf?
Waarom haat ek God? / Waarom hardloop ek van God af weg?
Hoe kan ek my probleme hanteer? Kan God my dalk help?
Waar sal ek veilig wees? / Wie kan my beskerm?
Waarom is ek skepties of betwyfel ek die bestaan van God?

***ou gesindheid in gebed***

Glo in die Bybelse feit dat God mense wíl red. Glo in die Here Jesus wat gekom het om mense te red.
Onthou dat niks vir God onmoontlik is nie. (Mark 10:27) Geen hart is vir God te hard nie en geen sondaar te ondig nie.
Bid met 'n hart vol liefde, omgee en deernis vir verlorenes. Bid met 'n rein hart sonder bitterheid en eroordeling. (Spr. 28:9,13, Matt.9:36)
Volhard met jou gebed. Soms neem dit maande of selfs jare voordat iemand tot oorgawe kom. Jesus sê dat ns volhardend moet bid. (Luk.18:1-8)
Bid en vra in die Naam van Jesus.

**ebruik o.a. die volgende Skrifgedeeltes wanneer jy vir iemand bid:**

"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal aan nie maar die ewige lewe sal hê" (Joh.3:16).
"Soos die Vader dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil" (Joh.5:21).
"Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie." (Joh.6:63)
"Dit is beslis nie my wil dat die goddelose moet sterf nie, sê die Here my God, dit is my wil dat hy hom bekeer n dat hy bly lewe" (Eseg.18:23).
"Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, mdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer" (2 Pet.3:9).
"So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van e waarheid kom" (1 Tim.2:3-4).

**et op die volgende dinge in die lewe van die persoon vir wie jy bid:**

Is daar negatiewe en/of sondige gewoontes teenwoordig? Bid dat God hom/haar daarvan sal vrymaak.
Watter leuens is daar wat hy/sy oor die Bybel en God glo. Bid dat die Heilige Gees die waarheid in sy/haar hart al openbaar.
Kyk watter mense hom/haar negatief beïnvloed en bid vir die verbreking daarvan en ook die verbreking van fbrekende vriendskappe wat hom/haar van Jesus af wegtrek/weghou.
Stel vas watter aktiwiteite die persoon se lewe negatief beïnvloed. Bid dat hierdie negatiewe invloede ragteloos gemaak sal word.
Bepaal watter dinge in die persoon se verlede moontlik tot sy/haar huidige optrede bydra. Bid vir genesing en at hy/sy sal kan vergewe. Bid vir berusting en aanvaarding.

Bid dat die Heilige Gees die persoon sy/haar sonde sal wys en hy/sy nie sonder Jesus Christus kan lewe nie.

**eestelike weerstand**

it is soms nodig om geestelik in Jesus se Naam gesag te neem oor enige mag of aktiwiteit van die Bose wat mand verblind en verhinder om na God kom, maar ons moet altyd onthou dat dit die Heilige Gees is wat edergeboorte in iemand werk. In hierdie situasies moet ons die Bose in die Naam van Jesus weerstaan en estraf omdat hy die persoon geestelik verblind en in geestelike duisternis hou. (Matt.12:29; 16:19; Jak.4:7; 2 or.4:4-5).

it is God self wat die mens red. Ons kan hulle nie red nie. Terwyl jy in gebed worstel vir iemand se redding, org dat jy nie angstig word en met jou eie krag en woorde sy/haar hart of gedrag wil verander nie. Jou werk is m te bid; die Here Jesus se werk is om mense se harte deur die Heilige Gees te verander. Vertrou Hom en laat om toe om te werk soos Hy wil.

Kontakbesonderhede: Jerigo Mure, tel. +2712-3653213, info@jwipn.com, www.jwipn.com